| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2024** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Nuusberig:** Uitdaging lei tot verlamming

1 Paul van Deventer se lewe het Saterdagmiddag omstreeks 15:00 in ’n waterpoel by die Drakensberg totaal verander nadat hy sy kop teen ’n rots gestamp het.

2 Volgens een van Paul van Deventer se vriende het hulle die middag by die waterpoel deurgebring. Aanvanklik het hulle gegaan om slegs in die waterpoel te swem. Na ’n ruk het hulle besluit om van die krans af in die waterpoel te spring. Die een sprong na die ander het gevolg. Met lang hale het hulle na die kant geswem nét om die krans weer aan te durf en die volgende sprong te spring.

3 Ernst Ehlers het vir Paul uitgedaag om van die krans af in die water te duik. Aangesien Paul ’n regte waaghals is en hom nie twee keer laat uitdaag nie, het hy die uitdaging met altwee hande aangegryp. Sy ander vriende het hom teen die gevaar van ’n moontlike versteekte rots in die poele gewaarsku, maar hul waarskuwings het soos water van ’n eend se rug afgeloop.

4 Met ’n swierige duik het sy lenige liggaam deur die lug getrek en hy het in die water verdwyn. Toe hy 30 sekondes later nog nie na bo gekom het nie, het Willem du Preez, sy boesemvriend, sonder om twee maal te dink, in die water gespring. Die volgende oomblik het hy bloed in die water gemerk. Hy het met alle mag in die rigting van die bloed geswem, sy vriend bereik en met hom na die kant van die waterpoel geswem. Nadat hulle die kant bereik het, het hulle besef dat sy kop ’n versteekte rots moes getref het, aangesien Paul nie sy arms of bene kon beweeg nie. Paul het tot die ontnugtering gekom dat hy verlam is.

5 Vir ses maande het hy intensiewe fisioterapie in die hospitaal ontvang, maar dit was onsuksesvol. Met sy ontslag uit die hospitaal het hy maar te goed besef dat hy nooit weer die gebruik van sy arms of bene sal hê nie.

6 Dis reeds 10 jaar later en Paul is nog steeds aangewese op ’n rolstoel.

**Hardoplees:** Uitdaging lei tot verlamming

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Biografie:** Biografie van Herman Swart

1 Herman het by sy oupa en ouma grootgeword, aangesien beide sy ouers verongeluk het toe hy nog ’n pap baba was. Sy oupa het op die spoorweë gewerk. Die spoorweghuisie waarin hulle gebly het, was omtrent 30 m van die spoorweg af. Slegs gruisklippies en ’n draad tussen die huis en treinspoor. Van ’n tuin was daar geen sprake nie. Slegs ’n lendelam draad wat die een spoorweghuis van die ander geskei het. Sal hy ooit vergeet hoe sy ouma vir sy oupa toebroodjies, koekies, hard gekookte eiers en frikkadelle in ’n bliktrommeltjie gepak het? Op die stasie het hy en sy ouma vir sy oupa gegroet. Die trein het in beweging gekom en hy het altyd eers ophou waai as die trein om die laaste draai verdwyn het. Hy het homself belowe dat hy eendag vir sy oupa-hulle sal bewys dat hy dankbaar is vir dít wat hulle alles vir hom gedoen het.

2 Drie dae later het hy dan weer sy oupa op die stasie ingewag. Hy kon nie wag om hom weer te sien nie. Sy oupa het hom dan gereeld in die lokomotief laat klim waar sy oupa hom dan gewys het hoe ’n trein gestook word. Hy het hom ook gewys hoe die sinjale werk.

3 Nadat hy gematrikuleer het, was hy nog nie seker watter beroep hy eendag wil beklee nie. “My seun, ek dink dis die beste as jy eers vir ’n jaar by ’n boer gaan werk en jou gedagtes laat gaan. Onthou net, die besluit wat jy nou neem, sal die res van jou lewe beïnvloed.”

4 Hy het sy oupa se raad gevolg en net na matriek by ’n boer in die distrik vir werk aangeklop. Die boer was gewillig om hom in diens te neem. Aanvanklik het hy slegs die koeistalle skoongemaak en die bale in die stal reggepak. Nie lank nie, of die boer het hom gewys hoe om koeie te melk. ’n Mens sou sê hy het ’n natuurlike talent gehad om koeie te melk. Die een ritmiese trek van die koeispeen na die ander het gevolg.

5 ’n Maand later het Herman huiwerig vir die boer gevra of hy op een van sy perde kon ry. Die boer het ingewillig. Hy het vir Herman eers touwys gemaak hoe om perd te ry. Nie lank nie, of Herman het sy eerste perd opgesaal en sy eerste rit deur die veld gery. Hy het ook aangebied dat hy voortaan te perd sou gaan kyk of die vee water en voer het. Hy het elke oomblik wat die wind deur sy hare gespeel het, terdeë geniet. Hy het besef dat dit vir hom die grootste genot sal verskaf indien hy met diere kon werk. Terwyl hy so tussen die diere beweeg, het hy besef dat hy eendag ’n veearts sal wil word.

6 Herman het soveel moontlik geld vir sy studies gespaar. Sodoende kon hy vir sy eerste jaar se studies betaal. Terwyl hy studeer het, het hy saans in ’n restaurant gewerk om ekstra geld te kon verdien. Gedurende vakansies het hy dan weer by ’n boer vir ’n ekstra inkomste gaan werk. Sodoende kon hy sy oupa help om ’n deel van sy studies te betaal.

7 Nadat Herman sy graad behaal het, het hy sy praktyk in die naaste stad aan sy tuisdorp oopgemaak. Hy het gereeld ’n geldjie vir sy oupa en ouma gestuur, sodat hulle hulself kon bederf. Nie net om hulself te bederf nie, maar ook uit dankbaarheid vir dít wat hulle alles vir hom gedoen het. Hy het ook elke maand ’n bydrae tot hul kruideniersware gemaak.

8 Herman het wel nie die maklikste pad gestap nie, maar op die ou end was al sy opofferinge die moeite werd!

**Biografie:** Biografie van Herman Swart

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Luister na paragraaf 1. Waarom sou jy sê dat Herman se oupa en ouma hulle oor hom ontferm het?** | (1) |
| **2** | **Gee ’n beskrywing van die omgewing rondom die huisie waar hy grootgeword het.** | (2) |
| **3** | **Luister na paragrawe 1 & 7. In watter *opsig* het Herman sy woord gestand gedoen?** | (2) |
| **4** | **Luister na paragraaf 2. Waarom sou jy sê dat Herman na sy oupa verlang het as hy nie by die huis was nie?** | (1) |
| **5** | **Luister na paragraaf 2. Bespreek die ruimte.** | (1) |
| **6** | **Oor watter goeie karaktereienskap het Herman beskik, aangesien hy aangebied het om te perd gereeld te gaan kyk of die vee voer en water het?** | (1) |
| **7** | **Waarom het Herman besluit om juis ’n veearts te word?** | (1) |
| **8** | **Hoe weet ons dat Herman ’n bydrae tot sy studies gemaak het? Bespreek.** | (3) |
| **9** | **Waarom sou jy sê dat die *inhoud* van die bostaande biografie geloofwaardig is?** | (1) |
| **10** | **Verskaf TWEE *redes* waarom jy sou sê dat die bostaande ’n voorbeeld van ’n biografie is.** | (2) |

**Totaal: 15** **/15**

**Praat:** Biografie van Herman Swart

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, pousering en hoorbaarheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud, interessant en lewensgetrou: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**Graad 4** **Afrikaans Huistaal** **Junie 2024**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Legende:** Die groen monster wat wegsmelt

1 Die koning van Spanje was skatryk en het baie invloed gehad. Hy was geliefd onder die landsburgers. Sy vrou is met die geboorte van hulle babaseuntjie oorlede.

2 Sestien jaar later het hy weer getrou. Hierdie vrou het ’n seun uit haar vorige huwelik gehad. Sy wou hê dat hý die troonopvolger moes word en nie die prins nie. Sy het ’n slaapmiddel in die prins se koffie gegooi. Nadat hy aan die slaap geraak het, het sy en haar seun hom vasgebind. Daarna het hulle hom na die groen monster in die bos geneem.

3 Op pad na die groen monster se huis, het hulle ’n ou man teëgekom. Hy het altyd sy eie bier gebrou. Toe hy wou weet waarom die prins bewusteloos en vasgemaak was, het hulle hom meegedeel dat hulle hom bewusteloos langs die pad aangetref het. “Ons het dadelik geweet dat dit die werk van die groen monster was. Hy sal hom seker vanaand kom haal en dan in sy pot met kokende water gooi. Ons is nou juis op pad na sy huis toe. Ons wil vir hom sê dat as hy nie die prins sou losmaak nie, die koning hom sou laat doodmaak,” jok die koningin sonder skaamte.

4 Die ou man het die vrede nie vertrou nie, aangesien hy geweet het dat die koningin baie graag haar seun as die troonopvolger wou sien. Gevolglik het hy hulle op ’n afstand gevolg. Sy vermoedens is bewaarheid toe hy sien dat hulle die bewustelose prins aan die groen monster oorhandig en sonder die prins weer paleis toe gaan.

5 Hy het dadelik na sy brouery gestap en ’n tuisgemaakte middel bygevoeg wat die monster sou laat wegsmelt. Hy het geweet dat die groen monster baie lief vir hoenderboudjies was. Gevolglik het hy een van sy hoenders geslag en tien druppels van hierdie tuisgemaakte middel met ’n spuit in een van die hoenderboudjies gespuit.

6 Vroeg die volgende oggend is hy na die groen monster. Die ou man het vir die groen monster gesê dat hy vir hom ’n heerlike hoenderboudjie gebring het. “Ek gaan nou eers daardie hoenderboudjie eet. Ek sal jou vir aandete bêre,” sê die monster vir die prins. Min wetend dat hy teen die aand nie meer sou lewe nie.

7 Terwyl hy aan sy hoenderboudjie eet, het die ou man agter die naaste boom weggekruip. ’n Halfuur later het hy na die groen monster se huis gestap, die deur oopgemaak, die prins losgemaak en na die paleis vergesel. Die koning het die koningin en haar seun weggejaag.

**1.1 Waarom sou jy sê dat die koningin in paragraaf 3 onaanvaarbaar *opgetree* het?** (1)

**1.2 Hoe hou die *inhoud* van paragrawe 5–7 verband met die titel?** (1)

**1.3 Watter gevolge het die onaanvaarbare daad van die koningin en haar seun vir hulle ingehou?** (1)

**1.4 Wie kan as die held van hierdie legende beskou word?** (1)

**1.5 Noem slegs EEN rede waarom jy sou sê dat dit ’n *voorbeeld* van ’n legende is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2 Toespraak:** Geld is slegs gerieflik

1 Ek is seker daarvan dat julle ná my toespraak saam met my sal stem dat geld nie alles kan koop nie, maar slegs gerieflik is.

2 Hoeveel ryk mense is net nie van rolstoele afhanklik nie. Wiele is hul enigste bene. Hoewel hul geldelik nie afhanklik is van iemand nie, is hulle van iemand afhanklik om hul rolstoel te stoot. Gefrustreerde emosies neem besit van hulle. Die spreekkamer van die fisioterapeut is sy tweede huis. Sommige mense het selfs nie eers die gebruik van hul arms of hande nie. Hoe om 'n mes of vurk vas te hou, is iets heel vreemds vir hulle. Al die geld ter wêreld kan nie vir hul onafhanklikheid koop nie.

3 Hoewel jou bankbalans stewig mag wees, kan jy soms nie 'n vol lewe lei nie. Jy mag 24 uur, sewe dae 'n week, aan 'n suurstoftenk gekoppel wees. Geen vooruitsig om die prag van die Namakwalandse blomme te geniet of sorgeloos langs die see te stap nie. Om hoë berge aan te durf, sal maar altyd net 'n droom bly. Die emosie van vrees neem van hulle besit as dit beurtkrag is. Die swart monster val hul gemoed aan. Dit het depressie tot gevolg.

4 Hoeveel ryk mense se hart gaan geensins uit na die armes nie. Selfsug en geen vrygewigheid nie, kan soveel ryk mense van die honger, maar tog dankbare oë en breë glimlag van 'n honger persoon beroof. Hulle sal nooit besef dat dit groter vreugde verskaf om te gee as om te ontvang nie. Vrygewigheid kan nie gekoop word nie.

5 Hoeveel ryk, kinderlose egpare smag net nie daarna om 'n kind van hul eie te hê nie? Hulle smag daarna om net die bondeltjie lewe teen hulle vas te druk. Om te dink hul bloed vloei deur die are van die klein bondeltjie vreugde. Hulle sal nooit die voorreg hê om hul eie kind te bederf nie. Die vrou mag om een of ander rede nie kinders van haar eie kan hê nie. Om te dink hulle sal nooit die voorreg hê om die kind se eerste treetjies en woorde te beleef nie. Nooit die voorreg hê om die woorde "Mamma" en "Pappa" te hoor nie. Om te dink hulle sal nooit die voorreg hê om hul kind die eerste dag by die skool af te laai of sy gradeplegtigheid by te woon nie.

6 Ek is seker daarvan dat julle besef dat geld nie gesondheid, onafhanklikheid, geluk, vrygewigheid of vreugde kan koop nie.

**2.1 Waarom reken jy mense in rolstoele mag soms *gefrustreerd* raak?** (1)
**2.2 Waarom sou jy sê dat paragraaf 3 *nie* op menings *nie*, maar op feite gebaseer is? Verskaf slegs EEN rede waarom jy so sê.** (1)
**2.3 Tot watter gevolgtrekking kom jy nadat jy die bostaande toespraak gelees het?** (1)
**2.4 Waarom reken jy die *inhoud* van hierdie toespraak is geloofwaardig?** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**3** **Kortverhaal:** <u>Pad na liefdadigheid en omgee</u>

1 Hendrik sit voor sy kamervenster wat uitkyk op die oprit na die huis. Hy is besig om aan ’n taak te werk. Hy hoor sy pa se voertuig en kyk op. Dit hou stil en sy pa klim uit. Kop onderstebo stap hy in die rigting van die voordeur. Oudergewoonte blaf hul Yorkie en hardloop in volle vaart na hom en spring teen hom op. Waar hy altyd hul Yorkie opgetel en teen hom vasgedruk het, ignoreer hy hom vandag. Hendrik weet onmiddellik dat alles nie pluis is nie. Sy pa stap aan, maak die voordeur oop, plaas sy aktetas op die eetkamertafel en gaan kombuis toe. Gewoonlik sal hy direk na die blik met koekies stap, ’n koekie of twee neem en woonvertrek toe stap om die koerant te lees. Maar nie vandag nie. Iets pla hom.

2 Gewoonlik eet sy pa smaaklik aan sy kos, terwyl hy vir Hendrik en Kotie, sy suster, uitvra wat alles by die skool gebeur het. Maar nie vandag nie. Hy krap sy kos behoorlik net deurmekaar. “Ons sal vanaand, nadat die skottelgoed gewas is, huisvergadering moet hou.” Die enigste woorde wat hul pa die heeltyd aan tafel gesê het.

3 Klokslag agtuur meld almal by die huisvergadering om die eetkamertafel aan. “Ek moet teen die einde van die maand my lessenaar by die werk ontruim. Nie omdat hulle ontevrede is met my werk nie, maar hulle is genoodsaak om personeel te verminder. Die maatskappy toon nét nie meer ’n groot genoeg wins sedert Covid-19 nie.”

4 Die gesin het besluit dat elkeen sy kant sal bring om net kos op die tafel te kan sit. Gelukkig is daar geen skuld op die huis uitstaande nie. Hendrik het aangebied om koerante te gaan verkoop. Kotie was bereid om in die kruidenierswinkel op die hoek van die straat te gaan werk. Ma sou beskuit en koeke vir die tuisnywerheid bak. Familie staan mekaar mos by.

5 Aan die einde van die maand, nadat Pa sy kantoordeur die laaste keer agter hom toegetrek het, het hy die volgende twee weke oral in die stad vir werk aangeklop. Niemand wou hom aanstel nie. Sy ouderdom het glo teen hom getel.

6 Gelukkig is hy goed in houtwerk. Hy het ’n advertensie in die koerant geplaas dat hy meubels herstel en koffietafels en eetkamerstoele maak. Nie lank nie, of die bestellings het ingestroom. So tussen sy werk het hy dan ook nog elke oggend vroeg Ma se beskuit en koeke wat sy die vorige aand gebak het, tuisnywerheid toe geneem.

7 ’n Jaar later het ’n meubelfabriek in die stad sy pa geskakel. Hulle het hom ’n werk aangebied. Hy het die werk met altwee hande aangegryp. Hy het ook nog steeds meubels vir ander mense herstel en gemaak. Hendrik en Kotie kon weer hul kinderlewe geniet. Aangesien hulle nou weet wat dit is om te veg vir oorlewing, het Pa ’n huisgesin wat sukkel om te oorleef, onder sy vlerke geneem en gesorg dat daar gereeld kos op hul tafel is.

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Wat het Hendrik laat besef dat daar iets is wat sy pa hinder?** | (1) |
| **3.2** | **Dui die <u>ruimte</u> in paragraaf 2 aan.** | (1) |
| **3.3** | **Lees paragrawe 1–3. Watter <u>emosie</u> het Hendrik se pa ervaar?** | (1) |
| **3.4** | **Wat is die <u>kerngedagte</u> van paragraaf 4?** | (1) |
| **3.5** | **Hoe hou die *inhoud* van paragraaf 7 verband met die <u>titel</u>?** | (1) |
| **3.6** | **Watter <u>morele les</u> leer ons uit die bostaande kortverhaal?** | (1) |
| | **Totaal: 6** | **/6** |

## 4 <u>Gedigte</u>

**4.1 Dui die woorde in die onderstaande strofe van "Lui Letta" aan waar ons <u>eindrym</u> aantref.**

"Letta was te lui vir werk,
te lui om iets te doen,
so lui en vet het sy geword –
so dik soos 'n pampoen!" *Helena J.F. Lochner* (1)

**4.2 Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in die onderstreepte versreël uit "Ek wonder" aan?**

"Maar as ek in my bedjie lê
<u>en die maan loer in by my</u>,
hoor ek een sag en vrolik lag –
ek voel meteens so bly." *Helene de Klerk* (1)

**4.3 Waarom <u>vergelyk</u> ons die hond se *snoet* met *steenkoolroet* in die onderstaande strofe van "Speelmaats"?**

"'n Spierwit krulhaarbondeltjie
en Wolkie is sy naam –
'n snoetjie swart soos steenkoolroet
dié druk hy teen die raam." *Bessie Kotzé*

**4.4 Dui die <u>klanknabootsende</u> woord in die onderstaande strofe van "Die Houtryer in die Maan" aan.**

"Kardoems! Daar stamp hy teen die maan
en binne-in is hy! …
Met volle-maan kan jy ook sien
die man wat houtkar ry!" *Helena J.F. Lochner* (1)

**4.5 Waarom word die woord *brei* in die onderstaande strofe van "Brei" <u>herhaal</u>?**

"Ou tant Klara en tant Siena
sit en brei en brei,
van soggens vroeg tot, o so laat;
om die kers wat flikker-flikker
gaan die naalde klakker-klikker –
brei en brei en brei." *Elsa Niemeyer* (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 20** **/20**

**Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2024**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**1 Mite:** Die prinses besef dat spyt altyd te laat kom

Prinses Klara was beeldskoon. Paul wou graag met haar trou, maar aangesien hy nie ryk was nie, het sy geweier. Sy het haar voorgeneem om eendag slegs met ’n skatryk man te trou. Vir haar het alles net om geld gedraai. Die godin van liefde het haar daarop gewys dat ’n mens nie vir geld nie, maar vir liefde trou. Sy was teleurgesteld in die prinses. Vader Tyd het haar weer daarop gewys dat sy nie altyd beeldskoon sal bly nie. Tien jaar later moes die prinses verneem dat Paul intussen getroud is en sy pa se maatskappy by hom oorgeneem het. Haar hart was gebroke. Die prinses besef dat sy nog altyd vir Paul liefgehad het. Sy het ’n duur les geleer. Geld kan beslis nie liefde en geluk koop nie. “As jy na my geluister het, kon jy nou gelukkig getroud gewees het,” het die godin van liefde vir die prinses gesê.

**1.1** **Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**1.2** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 2 & 3 oor in die teenwoordige tyd.** (1)
**1.3** **Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 4 neer.** (1)
**1.4** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 4 & 5 in die toekomende tyd.** (1)
**1.5** **Skryf die sterk verlede deelwoord in reël 8 neer.** (1)
**1.6** **Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reël 8 neer.** (1)
**1.7** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 oor in die indirekte rede.** (1)

**2 Onderhoud:** Onderhoud met Olimpiese ster

1 “Jou naam is op almal se lippe. Dis nie sommer elke jaar dat ’n Suid-Afrikaner met die goue medalje huis toe kom nie. Jy moet seker baie opofferinge maak en hard oefen om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer?”

2 “Ek moet beslis baie opofferinge maak. Na ontbyt gaan ek direk swembad toe. Ek bring ure in die swembad deur. Ek voel tuis in die swembad. As ek by die huis kom, sal ek soveel moontlik tyd met my kinders deurbring. Ek sal my kinders soms bederf en na die Wimpy neem. Hoeveel keer moes ek net nie al vir my vriende gesê het dat ek nie saam met hulle kan kom braai nie, aangesien ek moet oefen. Maar dan besef ek dat al hierdie opofferinge die moeite werd is. Die moontlikheid om met ’n medalje huis toe te kom, maak vir alles op. Om die goue medalje om jou nek te hang, is ’n gevoel wat jy vir niemand kan beskryf nie. Dis ’n groot eer.”

**2.1** **Wat *beteken* die onderstreepte idioom in reël 1?** (1)
**2.2** **Skryf die onderstreepte sin in reël 2 oor in die lydende vorm.** (1)
**2.3** **Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 4.** (1)
**2.4** **Skryf die bywoordelike sinsnede van plek in die onderstreepte sin in reël 5 neer.** (1)
**2.5** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 6 & 7 in die ontkennende vorm.** (1)
**2.6** **Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 10 neer.** (1)
**2.7** **Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 11 neer.** (1)
**2.8** **Skryf die onderstreepte sin in reël 12 oor as ’n vraagsin.** (1)

**/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2024** |
| **Vraestel 3** | **Skryf** | |

**Skryf ’n verhalende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.**

Spyt kom te laat / ’n Afspraak by die tandarts / Die dorp is in rep en roer.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie, tyd, ruimte en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe en -ontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n beskrywende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.**

Tannie Kopdoek / Oom Koos, die kluisenaar / Die mense van Vosburg / Ons bure

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde en frases, beeldspraak en idiome: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n verslag van 60–80 woorde oor EEN van die volgende. Dui die *oorsaak* en *gevolge* aan.**

Bergbrande rig skade aan. / Vloede rig skade aan.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, taalgebruik en beskrywende woorde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorsaak en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n dagboekinskrywing van 60–80 woorde oor EEN van die volgende.**

’n Week op die plaas. / ’n Week in my ma se koffiewinkel. / Die eerste week in die nuwe skool.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum** **Junie 2024**

**Biografie:** Biografie van Herman Swart

1 Hulle het hul oor hom ontferm, aangesien sy ouers verongeluk het toe hy nog 'n baba was.

2.1 Daar was slegs gruisklippies en 'n draad tussen die huisie en die spoorweg.✔

2.2 Daar was nie 'n tuin nie.✔

3 In paragraaf 1 lees ons dat hy homself belowe het om eendag vir sy oupa-hulle te ***bewys*** dat hy dankbaar is vir dít wat hulle alles vir hom doen. In paragraaf 7 lees ons dat hy gereeld uit dankbaarheid vir hulle geld gestuur het om hulself te bederf ✔ en dat hy 'n bydrae tot hul kruideniersware✔ gemaak het.

4 Hy het sy oupa op die stasie ingewag, aangesien hy nie kon wag om hom weer te sien nie.

5.1 Op die stasie ✔

5.2 In die lokomotief ✔

6 Hardwerkendheid / Pligsgetrouheid / Hulpvaardigheid **(slegs EEN)**

7 Aangesien hy lief was vir diere. / Aangesien dit vir hom genot verskaf om met diere te werk. / Aangesien hy dit geniet om met diere te werk. / Aangesien hy op sy gelukkigste is as hy met diere werk. **(slegs EEN)**

8 Hy het die geld wat hy gedurende die eerste jaar ná matriek by die boer verdien het, gespaar. Sodoende kon hy vir sy eerste jaar se studies betaal. ✔
Hy het die geld wat hy by die restaurant ✔en gedurende vakansietye op die plaas verdien het, gespaar. Sodoende kon hy sy oupa help om vir sy studies te betaal.

9 Enige realistiese antwoord wat met die ***inhoud*** van die luisterteks verband hou.

10.1 Die karaktereienskappe van Herman Swart word hier bespreek.

10.2 Die weergawe van Herman Swart se lewensverhaal is getrou.

10.3 Die skrywer tree as die derdepersoonsverteller op.

10.4 Die gebeure volg mekaar chronologies op. **(slegs TWEE)**

**1 Legende:** Die groen monster wat wegsmelt

1.1 Sy het 'n leuen vertel. / Sy blameer iemand anders, terwyl sý die skuldige is.
1.2 Die groen monster het weggesmelt nadat hy die hoenderboudjie geëet het.
1.3 Die koning het hulle weggejaag.
1.4 Die ou man kan as die held beskou word.

1.5 Dis 'n volksverhaal wat van ***geslag*** tot ***geslag*** oorvertel word. /
Dis ***nie*** 'n ware verhaal ***nie***. /
Ons leer 'n morele les uit die foute van die koningin.
Hier word 'n held aangetref. **(slegs EEN)**

**2 Toespraak:** Geld is slegs gerieflik

2.1 Hulle raak gefrustreerd, aangesien hulle nie kan loop nie, al wil hulle hoe graag. /
Hulle raak gefrustreerd, aangesien hulle van ander mense afhanklik is.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)**

2.2 Indien jou longe swak is en jy nie genoeg suurstof kan inasem nie, moet jy aan suurstof gekoppel word. /
Indien jy aan suurstof gekoppel is, is dit onmoontlik om met die suurstoftenk rond te loop om blomme te besigtig. /
Indien jy aan 'n suurstoftenk gekoppel is, is dit onmoontlik dat jy met die suurstoftenk 'n berg kan aandurf. /
Tydens beurtkrag mag jy bang wees, aangesien die suurstoftenk aan krag gekoppel is.
**(enige ander aanvaarbare *realistiese* antwoord)**

2.3 Dat geld slegs gerieflik is en nie gesondheid, onafhanklikheid, geluk, vrygewigheid of vreugde kan koop nie.

2.4 Die motiverings wat op die stellings volg, dra genoeg gewig en sodoende kan die spreker die gehoor oorhaal dat geld slegs gerieflik is.

**3** **Kortverhaal:** Pad na liefdadigheid en omgee

3.1 Hy het ***nie***, soos in die verlede, hul Yorkie opgetel en teen hom vasgedruk nie. /
Hy het ***nie***, soos in die verlede, direk koekblik toe gestap, 'n koekie of twee geneem en sy koerant in die woonvertrek gaan lees ***nie***. /
Hy het ***nie*** vir Hendrik en sy suster uitgevra hoe dit die dag by die skool gegaan het nie. /
Hy het amper nie 'n woord aan tafel gesê nie. /
Hy het gewoonlik smaaklik sy kos geëet, maar vanaand het hy slegs sy kos deurmekaar gekrap. **(slegs EEN)**

3.2 Aan tafel.

3.3 Die emosie van minderwaardigheid / moedeloosheid.
**(enige ander emosie wat jy kan ondervind as jy jou werk verloor het)**

3.4 Dat elke lid van die gesin besluit het om sy kant te bring om te kan oorleef.

3.5 Aangesien hierdie gesin geweet het wat dit is om vir oorlewing te veg, het hulle besluit om ook ander te help, sodat ook húlle kan oorleef. /
Hierdie gesin het vir ander wat minder bevoorreg is, omgegee en hulle gehelp, aangesien hulle ook eens op 'n tyd vir oorlewing geveg het.

3.6 Dat ons vir ***minderbevoorregtes*** moet omgee en hulle moet help.

## 4 Gedigte

### 4.1 **“Lui Letta”**

“Lui Letta was te lui vir werk,
te lui om iets te doen,
so lui en vet het sy geword –
so dik soos ’n pampoen!”

### 4.2 **“Ek wonder”**

“Maar as ek in my bedjie lê
en die maan loer in by my,
hoor ek een sag en vrolik lag –
ek voel meteens so bly.”

Personifikasie

### 4.3 **“Speelmaats”**

“’n Spierwit krulhaarbondeltjie
en Wolkie is sy naam –
’n snoetjie swart soos steenkoolroet
Dié druk hy teen die raam.”

Beide sy ***snoet*** en ***steenkoolroet*** is swart.

### 4.4 **“Die Houtryer in die Maan”**

“Kardoems! Daar stamp hy teen die maan
en binne-in is hy! …
met volle-maan kan jy ook sien
die ou man wat houtkar ry!”

### 4.5 **“Brei”**

“Ou tant Klara en tant Siena
sit en brei en brei,
van soggens vroeg tot, o so laat;
om die kers wat flikker-flikker
gaan die naalde klakker-klikker –
brei en brei en brei.”

Om aan te dui dat die twee tannies sonder ophou brei.

**1 Mite:** Die prinses besef dat spyt altyd te laat kom

1.1 Paul wou dolgraag met haar trou.
1.2 Sy neem haar voor om eendag slegs met ’n skatryk man te trou.
1.3 ’n Mens trou nie vir geld nie, maar vir liefde.
1.4 Sy sal teleurgesteld in die prinses wees.
1.5 Haar hart was gebroke.
1.6 Die prinses besef dat sy nog altyd vir Paul liefgehad het.

1.7 Die godin van liefde het vir die prinses gesê dat as sy na haar geluister het, sy nou gelukkig getroud kon gewees het. /
Die godin van liefde het vir die prinses gesê dat sy nou gelukkig getroud kon gewees het, as sy na haar geluister het.

**2 Onderhoud:** Onderhoud met die Olimpiese ster

2.1 Almal praat van jou.
2.2 Baie opofferinge moet seker (deur jou) gemaak word.
2.3 Swembad – swembaddens
2.4 Ek voel tuis in die swembad.
2.5 Ek sal my kinders nooit bederf en na die Wimpy neem nie.
2.6 Om die goue medalje om jou nek te hang, is ’n gevoel wat jy vir niemand kan beskryf nie.
2.7 Om die goue medalje om jou nek te hang, is ’n gevoel wat jy vir niemand kan beskryf nie.
2.8 Is dit ’n groot eer?

## Naslaanbronne

**Junie 2024**

**Nuusberig:** Uitdaging lei tot verlamming
*Eugene van der Westhuizen*

**Biografie:** Biografie van Herman Swart
*Eugene van der Westhuizen*

**Legende:** Die groen monster wat wegsmelt
*Eugene van der Westhuizen*

**Toespraak:** Geld is slegs gerieflik
*Eugene van der Westhuizen*

**Kortverhaal:** Pad na liefdadigheid en omgee
*Eugene van der Westhuizen*

## Gedigte

Lui Letta
**Klein Verseboek**
*Helena J.F. Lochner*
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959**

Ek wonder
**Klein Verseboek**
*Helene de Klerk*
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959**

Speelmaats
**Klein Verseboek**
*Bessie Kotzé*
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959**

Die Houtryer in die Maan
**Klein Verseboek**
*Helena J.F. Lochner*
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959**

Brei
**Klein Verseboek**
*Elsa Niemeyer*
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959**

**Mite:** Die prinses besef dat spyt altyd te laat kom
*Eugene van der Westhuizen*

**Onderhoud:** Onderhoud met Olimpiese ster
*Eugene van der Westhuizen*